# OPERASANGERES as HOENDERBOER

deur JULIET KÖNIG



Inge Sarauw in die rol van Suzuki in „Madame Butterfly".

**'n Operasangeres wat in Europa dikwels voor gekroonde hoofde en voor groot gehore in stede soos Berlyn opgetree het, boer tans buitekant Johannesburg met hoenders. Sy het hokke self gebou van rou stene wat sy eiehandig vervaardig het, en self 'n perdestal voltooi nadat haar hulp weggeval het. Met die hulp van 'n niggie het sy self die grond met donkies omgeploeg.**

INGE SARAUW staan tussen haar skreeuende hoenders en strooi mielies rond. Sy dra 'n groot hoed en 'n ou rok; haar gesig is bruin van die son en haar grys oë skitter. Rondom haar speel nege groot Deense honde.

„Stil, Tristan! Stil, Isolde! Lohengrin, gedra jou! Netnou kry julle kos."

Sy gee opdrag aan die vyf naturelle om die hoenders water te gee. Een van hulle is besig om te melk. Inge gaan terug na die huis. Sy gee haar honde kos en eet self ontbyt. Sy maak botter en draai die eiers in die groot broeimasjien om; sy maak haar bed op en maak die huis skoon. Terwyl sy werk, sing sy 'n aria uit *Mignon*. Haar stem is 'n pragtige alt. Sy glimlag onderwyl sy 'n perlemoen-juweelkassie met 'n agtiende-eeuse miniatuur op die deksel afvee. Dit wek gelukkige herinneringe uit 'n ver verlede op. Sy vee met die stoffer oor 'n ou Wesfaalse boerestoel. Sy skuif groot stapels musiekboeke opsy. Sy stof die familiewapen van die Sarauws af — 'n leeu met twee sterte wat op sy agterbene staan op iets wat baie soos 'n skaakbord lyk. Aan die mure hang prente van kastele en paleise en torings en krom ou strate en konings en koninginne en prinse wat sy in die ou lewe lank gelede geken het.

In die rol van „Carmen".



Want die jare en die wêreld se omwentelinge het merkwaardige dinge gedoen met Inge Sarauw, eertydse Vastelandse opera-sangeres.

HAAR vader was magistraat op die Wesfaalse dorpie waar sy gebore is. Oorspronklik kom haar familie uit Frankryk. Daar bestaan vandag nog 'n Franse tak van die familie, wat verteenwoordig word deur die graaf de Sarrau, van Bordeaux.

Tydens die Hugenote-vervolging in die sewentiende eeu het baie lede van die familie na Denemarke en Swede gevlug. Nadat Sleeswyk-Holstein in die vorige eeu by Duitsland ingelyf was, het hulle Duitsers geword.

Toe Inge vyf jaar oud was, het sy haar moeder op 'n dag gevra: „Wat kan ek doen as ek groot is? Ek wil baie ryk word, maar so min werk doen as moontlik."

Haar moeder aarsel en lag en sê: „Nou ja, jy sing mos so mooi. Miskien kan jy 'n sangeres word, maar ek vrees daarvoor sal jy baie moet werk."

„Ja, ek sal 'n sangeres word," stem klein Inge geesdriftig toe, „maar ek sal ook met perde en honde boer."

DIE jare gaan verby. Die opgroeiende Inge reis twee keer per week Berlyn toe om sanglesse te neem. Sy gaan dikwels na opera-uitvoerings en hoor baie groot sangers en sangeresse. Sy onthou nog veral die wonderlike koloratuur-sopraan, Magaretha Siems, wat so vet was dat sy ten spyte van haar pragtige stem verplig was om die toneel te verlaat en haar aan 'n streng dieet te hou.

Dit was in Stettin dat Inge haar eerste kans kry. Sy het begin met die gewone klein rolle. Toe, eendag tydens 'n reeks uitvoerings van Verdi se Aïda, word die eerste alt siek. Laat in die middag roep die opgewonde regisseur haar: „Binne 'n uur moet u bereid wees om die rol van Amneris te sing."

„Ja, meneer," sê Inge terwyl haar knieë voel asof hulle inmekaar sak.

Sy was baie jonk en slank. Die eerste alt was nóg die een nóg die ander. In die kleedkamer werk 'n kleremaakster met haar mond vol spelde vertwyfeld met Amneris se klere om hulle 'n derde kleiner te maak. Inge voel koud van senuweeagtigheid.

Maar dan gaan sy op die toneel om te sing en ál haar vrees en twyfel verdwyn. Dit sou altyd gebeur wanneer sy voel dat sy in die rol pas, want sy was nie net sangeres nie, maar ook 'n gebore aktrise. Toe die gordyn sak, juig die gehoor haar toe.

Daarna kry sy baie rolle. Na 'n tydjie gaan sy na Plauen, 'n dorpie met 'n pragtige ou teater. Die lewe word baie druk. Sy was jonk en vol lewenslus en haar aangenaamste herinneringe hang saam met hierdie lieflike plekkie en sy bosryke heuwels.

EENKEER was daar 'n opvoering van Humperdinck se *Hänsel und Gretel*, waarin sy die rol van Hänsel gespeel het. Marta en Elsie was twee plaasmeisies uit die buurte wat altyd gehelp het om die klere te stryk. Hulle het pragtige, lang ligblonde hare gehad, en daarom het die regisseur hulle gebruik as twee van die veertien engele wat die twee verdwaalde kinders in die bos aan die slaap sing.

„Hier kom Marta en Elsie," fluister Gretel vir Hänsel toe hulle reg lê om te slaap.

Toe begin Hänsel giggel, soos so lig gebeur as 'n mens agtien jaar oud is. Inge sal nooit vergeet watter moeite sy gehad het om daardie gegiggel te onderdruk en watter marteling sy daardie aand op die verhoog deurgemaak het nie. Later daardie aand, nadat hulle die heks baasgeraak het, dans Hänsel en Gretel om die lekkernyhuisie en gooi die appels en koekies tussen die kinders in die gehoor, soos altyd in Duitsland aan die eind van hierdie stuk gedoen is. Toe verrek Hänsel skielik sy enkel, maar bedwing die pyn en spring verder om die huisie, gooi die appels en gryp sy voet vas na hy uit die gesig was.

Inge sidder nog as sy daaraan dink.

(*Vervolg op bladsy* 66)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# OPERASANGERES AS HOENDERBOER

(*Vervolg van bladsy* 25)

IN Bayreuth vind elke jaar 'n Wagner-fees in die beroemde teater plaas. Siegfried was die seun van Richard Wagner, die groot komponis. Iemand raai Inge aan om na Bayreuth te gaan. Uit baie kandidate het Siegfried Wagner haar gekies om die rol van Floszhilde in *Rheingold* te vertolk en later dieselfde rol in *Die Götterdämmerung.*

Nou was sy in Bayreuth gevestig. Sy was die blommemeisie in *Parsifal* en Waltraut in 'n latere opvoering van *Die Götterdämmerung.* Daarna het sy in *Parsifal* die Stem uit die Koepel vertolk, waarvoor net uitstekende sangsters gekies word. Die kritiek op haar in die koerante van Europa se groot stede was uiters gunstig.

'N ORKESLEIER van die Saksiese stad Coburg het eenkeer in Plauen 'n opvoering gegee. Deur sy bemiddeling aanvaar Inge 'n betrekking by die Hofteater in Coburg. Die Hertog van Sakse-Coburg was in Engeland op skool en het Duits met 'n Engelse aksent gepraat. Hy was 'n neef van koningin Victoria, wie se man, die prins-gemaal, ook 'n Hertog van Sakse-Coburg was.

Dit was sowat vyf jaar na die Eerste Wêreldoorlog en die na-oorlogse ontnugtering het soos 'n wintermis oor die romantiese verlede neergesak. Maar in die klein hertogdom was daar nog 'n atmosfeer soos honderd jaar gelede deur Thackeray beskryf in *Vanity Fair.* Dit was ook 'n „klein, gemaklike groothertoglike dorpie Pumpernickel, 'n vrolike, gesellige plekkie met 'n teater waarheen almal gaan."

Duitsland probeer om die na-oorlogse terneergedruktheid te oorwin. Die Hertog van Sakse Coburg-Gotha sit in die koninklike losie en sien hoe die nuwe aktrise die rol van Oktavian Rofrano speel in sy lieflingstuk, *Der Rosenkavalier.*

Die volgende dag ontmoet Inge op 'n wandeling 'n egpaar wat haar vriendelik groet en sê: „Ons het baie gehou van u mooi sang gisteraand." Skielik besef Inge dat dit die hertog en hertogin is. Gou maak sy 'n diepe buiging.

Nou word sy deel van die lewe in die hof. Pase kom en sy sing in die kapel van die paleis. Sy gaan ry in die bos en oor die velde op haar perd Rofrano, genoem na die Rosenkavalier. Twee mooi meisies te perd ontmoet haar en sê: „Dis 'n pragtige perd, juffrou." Inge het hulle by die Paasgodsdiens gesien. Sy weet hulle is die prinsesse Sibylle en Kalma, dogters van die hertog. Sy gaan nou dikwels saam met hulle ry en op die vosjag uit. In dié tyd was prinses Sibylle bekend as die skoonste prinses van Europa. Sy het silwer-blonde hare en grysgroen oë gehad. Baie Afrikaners onthou haar nog as die hofdame van prinses Alice, Gravin van Athlone, in die tyd toe die Graaf van Athlone goewerneur-generaal van die Unie was. Prinses Sibylle is later met 'n prins van die koninklike gesin van Swede getroud. Weens die onlangse dood van die kroonprins in 'n ongeluk sal Inge Sarauw se vriendin nou moontlik koningin van Swede word.

Elke aand het die hofteater geskitter van die gekroonde hoofde van Europa. Die koning van Bulgarye was dikwels daar; Peter Raitchef, 'n groot akteur van die Balkan; baie beroemde sangers en sangeresse. Die Russiese troonpretendent, prins Cyrill, was ook dikwels teenwoordig. Daar was ook prins Hohenlohe-Langenburg en baie ander.

DIE mooi middeleeuse stad staan op die wal van die rivier Itz; ou kastele lê tussen beukeboom-bosse en blombegroeide weivelde; die klein hof floreer met sy kring van offisiere en amptenare en ou familievriende. Dit was 'n dralende en patetiese weerklink van 'n verlede wat onder die puinhope van die Eerste Wêreldoorlog begrawe gelê het.

Elke tweede Donderdag was die hertoglike familie tuis en dan lê die hele dorp by die paleis besoek af. Gedurende Kerstyd, Nuwejaar en met Paasfees hou die hertog oudiënsie en sy onderdane bring

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hom persoonlik hul gelukwense. In hierdie tyd tree Inge aand vir aand op voor 'n gehoor waarvan sy elke emosie en reaksie vooraf ken.

Later vertrek Inge Sarauw na Berlyn waar sy vir die wêreldstad se groot gehore sing. Sy het sangreise deur die res van Duitsland onderneem. In 1937 gaan sy met vakansie na Suid-Afrika, waar 'n suster van haar moeder haar in die vroeë jare negentig van die vorige eeu kom vestig het. In Johannesburg kom sy tydens 'n sneeustorm aan.

„Ek het gedink Afrika is warm!" het sy ontsteld uitgeroep.

Maar sy hou van ons land. Sy hou van die eenvoudigheid van die hoëveldse plaashuisie, die goedhartige mense, die vryheid.

„Ek kom weer," belowe sy by haar vertrek.

SY het na Duitsland teruggegaan om haar boeke te kry, haar pragtige ou meubels en haar musiekboeke. Onder meer het sy 'n ou kis wat haar oorlede broer gesny het uit die hout van 'n eikeboom wat honderde jare in 'n moeras by die Noordsee gelê het. Sy is toegelaat om net tien mark in silwer uit Duitsland saam te bring, maar iemaand het haar gehelp om drie acre grond naby Johannesburg te koop.

In April 1939 staan sy op 'n groen bult en kyk om haar. Sy sien die heuwelagtige landskap, die bome, die plase en hier en daar 'n nuwe woonhuis. Dit lyk alles so aantreklik dat sy besluit dat die tyd aangebreek het om die tweede begeerte van haar kinderdae te verwesenlik. Sy gaan boer. 'n Werker het vir haar 'n huisie gebou. Met die hulp van 'n niggie ploeg sy die rou grond met 'n paar donkies om. Sy saai mielies en lusern en plant groente. Sy koop tweehonderd Leghorn-hoenders en luister aandagtig onderwyl haar niggie vir haar uitlê hoe om haantjies en hennetjies te onderskei. Iemand gee haar 'n groot Deense hond present. Sy bou 'n hondehok met haar eie hande uit rou bakstene wat sy self maak. Daarna bou sy 'n hoenderhok. Die naturel wat haar moes help om 'n perdestal te bou word weens dronkenskap in hegtenis geneem. Toe voltooi sy dit op haar eentjie. Waar dit vir haar te moeilik gegaan het, het almal in die omgewing handjie bygesit — die man wat die telefoonlyne span, die man wat die vragmotor met die steenkool bestuur, die winkelier, die konstabel en die voorman van die padwerkers.

Aan die begin het sy die eiers self te perd by haar klante afgelewer. Soms het hy geskrik met die gevolg dat ál die eiers gebreek het. Nou het sy 'n motor, 3000 hoenders, 'n elektriese broeimasjien wat 4000 eiers hou, drie koeie, vyf naturellewerkers, twee bokke, ses katte en nege groot Deense honde. Die naam van een van haar koeie is Sibylle.

In haar weinige vry ure gaan Inge met haar perd vir ontspanning in die veld ry. Stadsmense wat daar verbyry sien dikwels die vroutjie te perd met 'n gelukkige gesig onder 'n groot strooihoed wat deur die wind teruggewaai word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012